

*Angie.*

BUITENGEWONE

# OFFISIELLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.



## OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAVE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

No. 3093

10c

Dinsdag 7 Julie 1970

WINDHOEK

Tuesday 7 July 1970

### INHOUD

### CONTENTS

Bladsy/Page

#### GOEWERMЕНТSKENNISGEWING:

No. 50 Munisipaliteit Omaruru: Inboorlinglokasieregulasies . . . . .

#### GOVERNMENT NOTICE:

Municipality of Omaruru: Native Location Regulations . . . . . 821

### Goewermentskennisgewing.

### Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. J. KLOPPER,  
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 50.]

[7 Julie 1970

No. 50.]

[7 July 1970

Dit het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 32 (4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1958 (Proklamasie 119 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die regulasies in bygaande Bylae uiteengesit.

The Minister of Bantu Administration and Development has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 32 (4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951) (South West Africa), read with section 3 of the South West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954) and section 2 of the Administration of Native Affairs in South West Africa Proclamation, 1958 (Proclamation 119 of 1958), to approve the regulations set out in the attached Schedule.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

INBOORLINGLOKASIEREGULASIES.

NATIVE LOCATION REGULATIONS

#### INHOUDSOPGawe.

#### INDEX

##### HOOFSTUK I

##### CHAPTER I

Algemeen en woordomskrywing

General and Definitions

Regulations 1— 3

##### HOOFSTUK II

##### CHAPTER II

Lokasie-administrasie

Location Administration

Regulations 1—45

##### HOOFSTUK III

##### CHAPTER III

Tehuise

Hostels

Regulations 1—25

<b>HOOFSTUK IV</b>		<b>CHAPTER IV</b>	
Gemeenskapsale	Regulasies 1— 7	Communal Halls	Regulations 1— 7
<b>HOOFSTUK V</b>		<b>CHAPTER V</b>	
Kerke en skole	Regulasies 1—14	Churches and Schools	Regulations 1—14
<b>HOOFSTUK VI</b>		<b>CHAPTER VI</b>	
Handel	Regulasies 1—28	Trading	Regulations 1—28
<b>HOOFSTUK VII</b>		<b>CHAPTER VII</b>	
Sanitasie en oorlaste	Regulasies 1—19	Sanitation and Nuisances	Regulations 1—19
<b>HOOFSTUK VIII</b>		<b>CHAPTER VIII</b>	
Inboorlingadviesraad	Regulasies 1—32	Native Advisory Board	Regulations 1—32
<b>HOOFSTUK IX</b>		<b>CHAPTER IX</b>	
Kerkhof	Regulasies 1—46	Cemetery	Regulations 1—46
<b>BYLAE I</b>	Woonpermit	<b>ANNEXURE I</b>	Residential Permit
<b>BYLAE II</b>	Perseelpermit	<b>ANNEXURE II</b>	Site Permit
<b>BYLAE III</b>	Bewoningsertifikaat	<b>ANNEXURE III</b>	Residential Certificate
<b>BYLAE IV</b>	Loseerderspermit	<b>ANNEXURE IV</b>	Lodger's Permit
<b>BYLAE V</b>	Tarief van huur, gelde en vorderings	<b>ANNEXURE V</b>	Tariffs of Rents, Fees and Charges
<b>BYLAE VI</b>	Handelsperseelpermit	<b>ANNEXURE VI</b>	Trading Site Permit
<b>BYLAE VII</b>	Verkoopsooreenkoms	<b>ANNEXURE VII</b>	Memorandum of Sale

**BYLAE****SCHEDULE**

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.  
INBOORLINGLOKASIEREGULASIES.

MUNICIPALITY OF OMARURU.  
NATIVE LOCATION REGULATIONS

**HOOFSTUK I.****ALGEMEEN.****WOORDOMSKRYWING.****CHAPTER I****GENERAL****DEFINITIONS**

1. In hierdie regulasies, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

„adviesraad”, met betrekking tot 'n lokasie of inboorlingdorp, die inboorlingadviesraad wat vir die lokasie of inboorlingdorp ingevolge die bepalings van artikel 20 van die Proklamasie saamgestel is; „bestuurder” die amptenaar wat deur die Raad aangestel en ingevolge die bepalings van artikel 21 (1) van die Proklamasie gelisensieer is om die Raad se Afdeling Inboorlingadministrasie te bestuur; „bewoningsertifikaat” 'n sertifikaat uitgereik kragtens die bepalings van regulasie 38 (3) van Hoofstuk II; „gedenkwerk” 'n grafsteen, traliewerk, omheining, monument, gedenkteken, grafskrif of ander struktuur wat op enige graf opgerig of aangebring is of daar opgerig of aangebring kan word;

„finansieel in staat” —

- (a) dat die applikant likwiede bates gelykstaande met die geraamde koste van die goedgekeurde gebou by die Raad gedeponeer het; of
- (b) indien hy om 'n behuisingslening ooreenkomstig hierdie regulasies aansoek doen hy —
  - (i) aldus likwiede bates gelykstaande met 20% van sodanige geraamde koste by die Raad gedeponeer het; en
  - (ii) sy inkomste minstens ses maal soveel is as die bedrag van die maandelikse paaiement wat ooreenkomstig hierdie regulasies ten opsigte van kapitaal, rente en huurgeld betaal moet word;

“adult” means a deceased person of or over the age of 12 years whose coffin exceeds the dimensions prescribed for children in regulation 15 of Chapter IX;

“advisory board” in relation to any location or Native village, means the Native advisory board constituted for such location or Native village in terms of the provisions of section 20 of the Proclamation; “caretaker” means the person from time to time holding the post of caretaker of any Native cemetery or acting in such capacity in the employ of the Council;

“cemetery” means a piece of land set aside by the Council, with the approval of the Minister, as a public cemetery for the exclusive use of Natives;

“certificate holder” means any person to whom a residential certificate has been issued;

“child” means a deceased person under the age of 12 years, whose coffin does not exceed the dimensions prescribed for children in regulation 15 of Chapter IX;

“Committee” means the non-White affairs committee of the Council;

“Council” means the Town Council of the Municipality of Omaruru;

“customary union” means the association of a man and woman in a conjugal relationship according to Native law and custom;

Met dien verstande egter dat die Komitee na goeddunke en op aanbeveling van die superintendent 'n applikant kan goedkeur wie se maandelikse inkomste nie aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen nie indien die Komitee oortuig is dat sodanige applikant in staat sal wees om sy finansiële verpligtings teenoor die Raad na te kom;

„geneeskundige gesondheidsbeampte” die persoon wat as dan wettiglik optree in die hoedanigheid van óf geneeskundige gesondheidsbeampte of assistent-geneeskundige gesondheidsbeampte van die Raad;

„geregistreerde bewoner” die persoon wie se naam verskyn in die register van bewoners, wat deur die superintendent gehou word ingevolge hierdie regulasies as 'n persoon aan wie 'n perseel-, woon- ofloseerderspermit of bewoningssertifikaat ingevolge hierdie regulasies uitgereik is;

„gesin”, met betrekking tot die houer van 'n perseel- of woonpermit of bewoningssertifikaat, —

- (a) die vrou en alle ongetroude kinders onder die ouderdom van 18 jaar van sodanige houer;
- (b) alle ongetroude of weduweedogters van die houer van sodanige permit of sertifikaat, wat by sodanige houer woon en hulle kinders onder 18 jaar;
- (c) 'n ouer of grootouer van sodanige houer of van die vrou van sodanige houer wat as gevolg van hoë ouderdom, swakheid of enige ander ongeskikheid, van sodanige houer afhanglik is; en
- (d) enige ander persoon wat na die mening van die superintendent *bona fide* afhanglik van die houer is;

„geskikte persoon” iemand wat —

- (a) van goeie karakter is; en
- (b) bewys lewer dat hy getroud is óf volgens Christelike seremonie óf volgens burgerlike reg, of dat 'n gewoonteverbintenis bestaan tussen hom en die vrou wat hy as sy eggenote beskryf, of dat hy of sy 'n wewenaar of weduwee of 'n geskeide of ongetroude persoon is met minderjarige ongetroude kinders of ander afhanglikes wat as 'n gesin met hom of haar saamwoon;

„gewoonteverbintenis” die verbintenis van 'n man en 'n vrouw in 'n huweliksverhouding volgens naturellereg en -gebruik;

„handelaar” 'n inboorling ten opsigte van wie 'n aansoek ingevolge hierdie regulasies toegestaan is om 'n wettige ambag, beroep of besigheid in die lokasie uit te oefen;

„handelsperseel” 'n goedgekeurde winkel, kraampie, besigheidsplek, gebou of terrein wat vir toekenning aan inboorlinge vir handels- of besigheidsdoeleindes opsygesit is ingevolge die bepalings van hierdie regulasies;

„huurder” iemand wie se aansoek om die huur of gebruik van 'n gemeenskapsaal toegestaan is, hetson teen betaling van 'n huurgeld of nie en het „huur” 'n ooreenstemmende betekenis;

„inboorling” 'n persoon wat tot 'n inboorlingsgras of -stam van Afrika behoort. Wanneer daar redelike twyfel bestaan of 'n persoon in hierdie kategorie val, rus die bewysslas op sodanige persoon;

„ingenieur” die dorps- of elektrotegniese ingenieur van die Munisipaliteit van Omaruru en ook enige persoon wat namens hom optree in die uitvoering van sy pligte;

„kerkhof” 'n stuk grond wat deur die Raad opsygesit is met die goedkeuring van die Minister as 'n openbare begraafplaas vir die uitsluitlike gebruik van inboorlinge;

„kiesbeampte” die persoon wat deur die Raad benoem is om die bevoegdhede en pligte uit te oefen wat by hierdie regulasies aan kiesbeamptes toegewys word;

“engineer” means the town engineer or electrical engineer of the Municipality of Omaruru and includes any person acting on his behalf in the execution of his duties;

“family”, in relation to the holder of a site or residential permit or residential certificate, means —

- (a) the wife and all unmarried children under the age of 18 years of such holder;
- (b) all unmarried or widowed daughters of the holder of such permit or certificate who reside with such holder, and their children under the age of 18 years;
- (c) any parent or grandparent of such holder or of his wife who are dependent upon such holder as a result of old age, infirmity or any other incapacity; and
- (d) any other person who, in the opinion of the superintendent, is *bona fide* dependent upon such holder;

“financially able” means —

- (a) that the applicant has deposited liquid assets equal to the estimated cost of the proposed building with the Council; or
- (b) in the event of his applying for a housing loan in terms of these regulations —

(i) that he has deposited with the Council liquid assets equal to 20% of such estimated cost; and

(ii) that his income is at least six times as much as the amount of the monthly payment to be made in terms of these regulations in respect of capital, interest and rent: Provided, however, that the Committee may, in its discretion and on the recommendation of the superintendent, approve an applicant whose monthly income does not conform to the requirements of these regulations, if the Committee is satisfied that such applicant will be able to meet his financial obligations towards the Council;

“fit and proper person” means a person who —

- (a) is of good character; and
- (b) submits proof that he is married either by Christian rights or civil law or that a customary union exists between him and the woman he describes as his wife, or that he or she is a widower or widow or divorcee or single person with minor unmarried children or other dependents living with him or her as a family;

“hall” means any communal hall provided by the Council for the use of the Native residents in the location;

“hirer” means a person whose application for the hire or use of a communal hall has been granted, whether against payment or otherwise, and “hire” has a corresponding meaning;

“hostel” means any Native hostel erected in terms of the provisions of section 2 of the Proclamation;

“location” means any area defined, set apart and laid out as a location or Native village or as an extension of a location or Native village by the Council, with the approval of the Minister, under the provisions of section 2 of the Proclamation;

“lodger's permit” means a permit issued in terms of the provisions of regulation 42 (1) of Chapter 2;

“manager” means the official appointed by the Council and licensed in terms of the provisions of section 21 (i) of the Proclamation to manage the Council's Native Administration Department;

“medical officer of health” means the person for the time being lawfully acting in the capacity either as medical officer of health or assistant medical officer of health of the Council;

„kind” ’n oorlede persoon onder die ouderdom van 12 jaar wie se doodkis nie die afmetings vir kinders soos bepaal in regulasie 15 van Hoofstuk IX oorskry nie;

„Komitee” die Komitee vir Nie-Blankesake van die Raad;

„lokasie” ’n gebied wat bepaal, afgesonder en aangelê is as lokasie of inboorlingdorp of as ’n uitbreiding van ’n lokasie of inboorlingdorp deur die Raad met die goedkeuring van die Minister ingevolge die bepalings van artikel 2 van die Proklamasie;

„loseerderspermit” ’n permit uitgereik ingevolge die bepalings van regulasie 42 (1) van Hoofstuk II;

„Minister” die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„onderneming” enige ambag, besigheid of beroep wat deur enige handelaar op enige goedgekeurde handelsperseel uitgeoefen of gedryf word;

„oorlas” —

- (a) ’n perseel of gedeelte daarvan wat op so ’n wyse gebou is of in so ’n toestand verkeer dat dit aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (b) ’n straat, stroom, poel, lagune, sloot, geut, waterloop, wasbak, waterbak, waterkloset, putgemak, emmergemak, privaat, urinoir, vuilput, sinkput, dreineervoor, riool, afvalwaterbak, vuilwaterenk, misput, asbak, asput of mishoop, wat so aanstootlik of in so ’n toestand of sodanig geleë of gemaak is dat dit oorlas veroorsaak, of aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (c) ’n put of ander watervoorraad wat nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (d) ’n tenk of waterbak wat gebruik word vir die lewering van water vir huishoudelike doeleindes en wat so geplaas of vervaardig is of gehou word dat die water daarin blootstaan aan besoedeling, waardeur dit ’n gevaa vir die gesondheid veroorsaak of kan veroorsaak, of die uitbroei van muskiete kan bevorder;
- (e) ’n stal, koeistal, veeekraal, hoenderhok of perseel waarin enige dier of voël gehou word op so ’n wyse of in sodanige getalle dat dit aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (f) ’n versameling of ophoping van vullis, afval, mis of ander stof wat aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is, of enige aanstootlike stof, vullis, afval of mis wat binne vyftig jaarts van enige straat af lê of is, of wat in oop trokke of waens op of by ’n stasie of halte, of elders op ’n spoorweg staan of is, sodat dit aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (g) enige werke, fabriek, bedryf of besigheid wat stank of uitvloeisels of dampe veroorsaak of kan veroorsaak wat aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid van die buurt is, of wat op so ’n wyse bestuur word dat hulle aanstootlik, of nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid is;
- (h) ’n huis of gedeelte van ’n huis wat so oorvol is dat dit nadelig of gevaaarlik vir die gesondheid van die inwoners is, of waarin, hetsy bedags of snags, vir elk van die persone oor die ouderdom van 10 jaar wat dit gelykydig bewoon, nie minstens 400 kubieke voet lugruimte en 40 vierkante voet vloerruimte en vir elke persoon onder die ouderdom van 10 jaar nie minstens 200 kubieke voet lugruimte en 20 vierkante voet vloerruimte is nie;
- (i) ’n skoolgebou of ’n fabriek, werkinkel of werkplek of gedeelte daarvan —

“memorial work” means any tombstone, railing, fence, monument, memorial, inscription or other structure which is or may be erected or placed upon any grave;

“Minister” means the Minister of Bantu Administration and Development;

“Native” means a person belonging to a Native race or tribe of Africa. Where there is reasonable doubt whether a person falls in the category, the onus of proof shall rest on such person;

“nuisance” means —

- (a) any premises or part thereof of such a construction or in such a state as to be offensive, or injurious or dangerous to health;
- (b) any street, stream, pool, lagoon, ditch, gutter, watercourse, sink, cistern, water-closet, earth closet, pail closet, privy, urinal, cesspool, sump, open drain, sewer, waste-water receptacle, slop tank, manure pit, ash bin, ash pit or midden, so foul or in such a state or so situated or constructed as to be a nuisance or offensive, or injurious or dangerous to health;
- (c) any well or other source of water supply which is injurious or dangerous to health;
- (d) any tank or cistern used for the supply of water for domestic purposes so placed, constructed or kept as to render the water therein liable to contamination, causing or likely to cause risk to health or to be conducive to the breeding of mosquitoes;
- (e) any stable, cowshed, animal kraal, fowl house or premises in which any animal or bird is kept in such a manner or in such numbers as to be offensive, or injurious or dangerous to health;
- (f) any accumulation or deposit of refuse, offal, manure or other matter which is offensive, or injurious or dangerous to health, or any offensive matter, refuse, offal or manure lying or being within fifty yards of any street, or contained in uncovered trucks or wagons, standing or being at any station or halt or elsewhere on a railway so as to be offensive, or injurious or dangerous to health;
- (g) any works, factory, trade or business causing or giving rise to smells or effluvia which are offensive or which are injurious or dangerous to the health of the neighbourhood or so managed as to be offensive, or injurious or dangerous to health;
- (h) any house or part of a house so overcrowded as to be injurious or dangerous to the health of the occupants or in which there is not at least 400 cubic feet of air space and 40 square feet of floor space for each person of over 10 years simultaneously occupying such house or part thereof whether by night or day and at least 200 cubic feet of air space and 20 square feet of floor space for each person under 10 years;
- (i) any school building or any factory, workshop or workplace, or part thereof —
  - (i) which is not kept clean and free from effluvia from any drain, privy, water-closet, earth closet, urinal or other source of nuisance; or
  - (ii) which is not ventilated in such a manner as to render harmless, as far as practicable, any gases, vapours, dust or other impurities generated in the course of the work carried out therein that are offensive, or injurious or dangerous to health;
  - (iii) in which the average proportion of carbonic acid in the air at or about breathing level

- (i) wat nie in 'n sindelike toestand en vry van uitvloeisel uit enige riool, privaat, waterkloset, putgemak, urinoir of ander bron van oorlas gehou word nie;
  - (ii) wat nie op so 'n wyse geventileer is dat daardeur soveel moontlik alle gasse, dampen, stof of ander onsuwerhede wat ontstaan gedurende die werk daarin verrig en wat aanstootlik, of nadelig of gevaelik vir die gesondheid is, onskadelik gemaak word nie; of
  - (iii) waarin die gemiddelde verhouding van koolsuur in die lug op of ongeveer op die asemhalingshoogte meer as 10 volumes op 10,000 bedra, of waar gas of olie vir verligtingsdoeleindes gebruik word, dit meer as 18 volumes op 10,000 bedra, terwyl sodanige gas of olie werkelik gebruik word; of
  - (iv) wat so oorvol is terwyl die werk verrig word dat dit nadelig of gevaelik is vir die gesondheid van die werksmense daarin;
  - (j) 'n skoorsteen wat so erg op so 'n wyse rook, steenkoolgruis, as of roet afgee dat dit aanstootlik, of nadelig of gevaelik vir die gesondheid is;
  - (k) enige ander toestand wat aanstootlik, of nadelig of gevaelik vir die gesondheid is. Die algemeenheid van hierdie bepaling word nie beperk deur die bepaalde aangeleenthede waarvoor in die voorafgaande subparagrawe voorsiening gemaak is nie;
- „opsigter“ die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van opsigter van enige inboorlingkerkhof bekleef of in sodanige hoedanigheid in diens van die Raad optree;
- „perseelpermit“ 'n permit uitgereik kragtens die bepalings van regulasie 34 (2) van Hoofstuk II;
- „private grafferseel“ 'n stuk grond wat opsygesit is vir een of meer grafte, waarvan die alleenreg op begravung ingevolge regulasie 23 van Hoofstuk IX gekoop is;
- „Proklamasie“ die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), soos gewysig;
- „Raad“ die Stadsraad van die munisipaliteit van Omaruru;
- „saal“ enige gemeenskapsaal wat deur die Raad verskaf is vir die gebruik van die inboorlinginwoners van die lokasie;
- „sertificaathouer“ iemand aan wie 'n bewoningsertifikaat uitgereik is;
- „stadsgebied“ die munisipale gebied van Omaruru;
- „superintendent“ die amptenaar wat ingevolge die bepalings van artikel 21 (1) van die Proklamasie vir die bestuur van die lokasie aangestel en gelisensieer is, of sy plaasvervanger of gemagtigde verteenwoordiger;
- „tehuis“ enige inboorlingtehuis opgerig ingevolge die bepalings van artikel 2 van die Proklamasie;
- „volwassene“ 'n oorlede persoon van die ouderdom van 12 jaar of ouer wie se doodkis die afmetings vir kinders soos bepaal in regulasie 15 van Hoofstuk IX oorskry;
- „woonpermit“ 'n permit uitgereik kragtens die bepalings van regulasie 33 (1) van Hoofstuk II.

#### TOEPASSING.

2. Tensy anders aangedui, is hierdie regulasies slegs in 'n lokasie, inboorlingdorp of inboorlingtehuis van toepassing.

#### HERROEPING VAN REGULASIES.

3. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 125 van 10 Junie 1932, soos gewysig word hierby herroep.

exceeds 10 volumes in 10,000 or where oil or gas is used for lighting purposes, exceeds 18 volumes in 10,000 while such oil or gas is in actual use; or

(iv) which is so overcrowded while work is being carried out therein as to be injurious or dangerous to the health of those employed therein;

(j) any chimney sending forth smoke, grit, ash or soot in such quantity or in such manner as to be offensive, or injurious or dangerous to health;

(k) any other condition whatever which is offensive, or injurious or dangerous to health, the generality of this provision not being limited by the particular matters provided in the preceding subparagraphs;

“private grave plot” means any area of land set aside for one or more graves, the exclusive interment right of which has been purchased by any person in terms of regulation 23 of Chapter IX;

“Proclamation” means the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), as amended;

“registered occupier” means the person whose name appears in the register of occupiers, kept by the superintendent in terms of these regulations as a person to whom a site, residential or lodger's permit or a residential certificate has been issued in terms of these regulations;

“residential certificate” means a certificate issued in terms of the provisions of regulation 38 (3) of Chapter II;

“residential permit” means a permit issued in terms of the provisions of regulation 33 (1) of Chapter II;

“returning officer” means the person appointed by the Council to exercise the powers and duties conferred on returning officers by these regulations;

“site permit” means a permit issued in terms of the provisions of regulation 34 (2) of Chapter II;

“superintendent” means the official appointed and licensed for the management of the location in terms of the provisions of section 21 (1) of the Proclamation, or his substitute or his authorised representative;

“trader” means any Native in respect of whom an application has been granted in terms of these regulations to carry on a lawful trade, business or occupation in the location;

“trading site” means any approved shop, stall, building or site set aside for allotment to Natives for trade or business purposes in terms of the provisions of these regulations;

“undertaking” means any trade, business or occupation carried out or conducted by any trader on any approved trading site;

“urban area” means the municipal area of Omaruru.

#### APPLICATION

2. Unless otherwise stated, these regulations shall apply in a location, Native village or Native hostel only.

#### REPEAL OF REGULATIONS

3. The regulations promulgated by Government Notice 125 dated 10 June 1932, as amended, are hereby repealed.

## HOOFSTUK II.

### LOKASIE-ADMINISTRASIE.

#### AANSTELLING EN PLIGTE VAN AMPHENARE.

1. (1) Die Raad kan kragtens die bepalings van artikel 21 van die Proklamasie 'n amptenaar aanstel wat as die bestuurder bekend staan om die Raad se Afdeling Inboorlingadministrasie in die algemeen te bestuur. Alle voorskrifte wat op sy Afdeling betrekking het en wat van tyd tot tyd deur die Raad uitgereik word, moet aan die betrokke amptenaar deur die bestuurder oorgedra word.

(2) Die Raad stel ingevolge artikel 21 van die Proklamasie 'n amptenaar aan om die lokasie of inboorlingdorp of 'n gedeelte daarvan te bestuur ingevolge hierdie regulasies en hy tree op ooreenkomsdig sodanige wettige voorskrifte as wat hy van tyd tot tyd van die bestuurder ontvang.

(3) Die Raad stel sodanige amptenaare en ander persone aan as wat hy nodig ag om die superintendent by die uitvoering van hierdie regulasies behulpsaam te wees.

#### BESTUURDER SE VERSLAG.

2. Minstens een maal elke drie maande, of wanneer dit andersins deur die Raad van die bestuurder verlang word, moet hy aan die Raad skriftelik verslag doen betreffende die toestande, gesondheid en bestuur van die lokasie. Sodanige verslae moet beskikbaar wees vir inspeksie deur 'n beampete deur die Minister ingevolge artikel 21 (3) van die Proklamasie aangestel.

#### AANPLAK VAN REGULASIES, BEVELE, ENS.

3. Die superintendent moet vir die inligting van die inwoners 'n afskrif van alle regulasies, bevele of voorskrifte wat betrekking het op die beheer, bestuur en gebruik van die lokasie in Engels en Afrikaans en in die inboorlingstaal wat deur die meeste persone in die lokasie gebesig word, op 'n ooglopende plek by sy kantoor laat aanplak en in stand hou.

#### GENEESKUNDIGE GESONDHEIDSBEAMPTE SE VERSLAG.

4. Die geneeskundige gesondheidsbeamppte moet jaarliks op 30 Junie skriftelik verslag doen aan die Raad oor die gesondheids- en sanitêre toestande van die lokasie. Na oorweging moet afskrifte van elke sodanige verslag, te same met die Raad se opmerkings daaroor, aan die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur word.

#### OPGawe VAN BEVOLKING.

5. 'n Opgawe van die bevolking van die lokasie moet by sodanige tussenpose as wat die Raad besluit, deur die superintendent by die Raad ingedien word.

#### WONINGS EN PERSELE MOET GENOMMER WORD.

6. Die superintendent moet 'n nommer aan elke perseel in die lokasie toeken, en moet die nommer wat aan elke perseel toegeken is, duidelik aan die buitekant van die voordeur van die woning wat op sodanige perseel opgerig is, laat verf, opskryf of aanheg. Die superintendent moet alle sodanige nommers te alle tye in 'n leesbare toestand hou. Die Raad moet alle materiaal wat nodig is om nommers op die wonings aan te bring en in 'n leesbare toestand te hou, aan die superintendent verskaf. Niemand mag sodanige nommer verberg, skend, verwyder, uitwis of vernietig nie.

#### REKORD VAN GEWEIERDE AANSOEKE.

7. Die superintendent moet 'n rekord hou van die name van persone wie se aansoeke om 'n perseel-, woon- ofloseerderspermit of 'n bewoningssertificaat geweier is,

## CHAPTER II

### LOCATION ADMINISTRATION

#### APPOINTMENT AND DUTIES OF OFFICIALS

1. (1) The Council may, in terms of the provisions of section 21 of the Proclamation, appoint an official to manage the Council's Department of Native Administration generally. All instructions affecting his Department and which may be issued from time to time by the Council shall be transmitted to the relative officials by the manager.

(2) The Council shall, in terms of section 21 of the Proclamation, appoint an official to manage the location or Native village or part thereof in terms of these regulations, who shall act in accordance with such lawful instructions as he may from time to time receive from the manager.

(3) The Council shall appoint such officials and other persons as it may deem necessary to assist the superintendent in the administration of these regulations.

#### MANAGER'S REPORT

2. The manager shall, not less than once in every three months or when otherwise required by the Council, report in writing to the Council in regard to the conditions, health and management of the location. Such reports shall be available for inspection by an officer appointed by the Minister in terms of section 21 (3) of the Proclamation.

#### POSTING OF REGULATIONS, ORDERS, ETC.

3. The superintendent shall cause a copy of all regulations, orders or directions relating to the control, management and use of the location, in English, Afrikaans and the Native language used by the majority of persons in the location, to be posted and maintained in a conspicuous place at his office for the information of the residents.

#### THE MEDICAL OFFICER'S REPORT

4. The medical officer of health shall annually on the 30th of June, report in writing to the Council on the health and sanitary conditions of the location. Copies of every such report shall be forwarded after consideration and with the Council's comments thereon to the Administrator of South West Africa and to the Secretary for Bantu Administration and Development.

#### POPULATION RETURN

5. A return showing the population of the location shall be submitted by the superintendent to the Council at such intervals as may be decided upon by the Council.

#### DWELLINGS AND SITES TO BE NUMBERED

6. The superintendent shall allot to each site in the location a number, and shall cause the number allotted to each site to be legibly painted, inscribed on or affixed to the outside of the main door of the dwelling erected on such site. The superintendent shall at all times keep such numbers in a legible condition. The Council shall supply the superintendent with all material necessary for the numbering of dwellings and for maintaining such numbers in a legible condition. No person shall obscure, remove, deface, obliterate or destroy such number.

#### RECORD OF REFUSALS

7. The superintendent shall keep a record of the names of the persons whose applications for a site, residential or lodger's permit or a residential certificate

asook die redes vir elke sodanige weiering en moet op sy gewone maandelikse vergadering 'n afskrif van sodanige rekord aan die Raad voorlê.

#### PERSELE, WONINGS EN GEBOUE MOET SINDELIK GEHOU WORD.

8. Elke houer van 'n perseel- of woonpermit of bewoningsertifikaat moet die wonings en geboue op sy perseel in 'n goeie toestand en orde hou. Niemand mag vuilgoed, mis, vullis, afval, uitskot of rommel op enige perseel vergaar of stort of laat vergaar of stort of toelaat dat dit vergaar of gestort word op so 'n wyse dat dit 'n oorlas, of nadelig of gevaaerlik vir die gesondheid is nie. Persele moet te alle tye skoon en vry gehou word van ongedierte, onkruid en vuilgoed. In die geval van die houer van 'n woonpermit, moet hy die perseel en die geboue daarop in 'n goeie toestand hou, met inagneming van billike slytasie, en hy mag nie die perseel, installasies of toebehore ontsier of beskadig nie en hy mag ook nie aan die water-, elektriese of rioolinstallasies peuter of hom daarmee bemoei nie.

#### OPENBARE VERGADERINGS, BYEENKOMSTE EN VERMAAKLIKHEDE.

9. (1) Behoudens die bepalings van enige ander wet, moet enigeen wat voorinemens is om 'n openbare vergadering of byeenkoms in die lokasie te belê of toe te spreek, die superintendent minstens 72 uur voor sodanige vergadering of byeenkoms in kennis stel van die reëlings wat vir sodanige vergadering of byeenkoms getref is: Met dien verstaande dat die superintendent na goeddunke korter kennisgewing kan aanvaar.

(2) Geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie mag later as 12-uur middernag sonder die goedkeuring van die superintendent voortgesit word nie; ook mag geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie later as die verlengde tyd wat deur die superintendent goedgekeur is, voortgesit word nie.

(3) Niemand mag, sonder dat die skriftelike goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is, van die persone wat op 'n openbare vergadering of byeenkoms in die lokasie aanwesig is, geld, uitgesonderd vir *bona fide*-kerkdoeleindes, kollekteer nie.

(4) Indien daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die hou van 'n vergadering of byeenkoms in die lokasie 'n rusverstoring kan veroorsaak of daartoe kan lei, kan sodanige vergadering of byeenkoms, met die spesiale goedkeuring van die landdros, nadat hy oorleg gepleeg het met die plaaslike polisiehoof en die betrokke verantwoordelike amptenaar van die Raad, deur die superintendent verbied word.

(5) Geen bepaling van hierdie regulasie is op 'n vergadering of byeenkoms vir *bona fide*-bruilofs-, begrafnis-, kerk-, onderrig-, sport-, konsert- of -vermaaklikheidsdoeleindes of vir die reëling van huishoudelike sake van toepassing nie.

#### OPENBARE RUSVERSTORING.

10. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek of in 'n private woning of perseel binne die lokasie die openbare rus verstoor deur te skreeu, rusie te maak, te twis, te vloek of vuil, skeldende, beledigende of dreigende taal te gebruik of deur onbetaamlike, wanordelike of gewelddadige gedrag nie.

#### HINDER VAN AMPHENARE.

11. Niemand mag die superintendent of 'n ander werknemer van die Raad in die uitvoering van sy amptelike pligte hinder nie.

#### OBSTRUKSIE EN DRENTEL.

12. Niemand mag in enige pad, straat of openbare plek binne die lokasie sit, lê, staan, drentel of vergader of

have been refused and the reasons for such refusal and shall submit a copy of such records to the Council at each ordinary monthly meeting.

#### SITES, DWELLINGS AND BUILDINGS TO BE KEPT CLEAN

8. Every holder of a site or residential permit or residential certificate shall keep the dwellings and buildings on the site in good condition and order. No person shall accumulate or deposit or cause or permit to be accumulated or deposited on any site filth, manure, dirt, refuse, garbage or rubbish so as to be a nuisance, or injurious or dangerous to health. Sites shall at all times be kept clean and free from vermin, weeds and rubbish. In the case of a residential permit holder, he shall keep the site and buildings thereon in good condition, fair wear and tear excepted, and shall not deface or damage the premises, installations or fittings, nor shall he tamper or interfere with the water, electrical or sewerage installations.

#### PUBLIC MEETINGS, ASSEMBLIES AND ENTERTAINMENTS

9. (1) Subject to the provisions of any other law, any person who proposes to convene or address a public meeting or assembly of persons in the location shall notify the superintendent at least 72 hours before such meeting or assembly of the arrangements made for such meeting or assembly: Provided that the superintendent may in his discretion accept shorter notice.

(2) No public meeting or entertainment in the location shall be continued later than 12 midnight without the approval of the superintendent, nor shall any public meeting or entertainment in the location be continued later than any extended time approved by the superintendent.

(3) No person shall, without the prior written approval of the superintendent, collect any money for other than *bona fide* church purposes from the persons present at any public meeting or assembly in the location.

(4) If there be reasonable grounds for believing that the holding of any meeting or assembly in the location might provoke or lead to a breach of the peace, such meeting or assembly may, with the special approval of the magistrate given after reference to the local police chief and the responsible official of the Council, be prohibited by the superintendent.

(5) Nothing in this regulation contained shall apply to any meeting or assembly for *bona fide* wedding, funeral, church, educational, sport, concert, or entertainment purposes or for the arrangement of domestic affairs.

#### DISTURBANCE OF THE PUBLIC PEACE

10. No person shall disturb the public peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing, or by using obscene, abusive, insulting or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour in any street, road or public place or any private dwelling or premises within the location.

#### OBSTRUCTION OF OFFICIALS

11. No person shall obstruct the superintendent or any other employee of the Council in the execution of his official duties.

#### OBSTRUCTION AND LOITERING

12. No person shall sit, stand, lie, loiter or congregate in or in any other manner encumber any street, road or

op 'n ander wyse sodanige straat, pad of openbare plek versper sodat die verkeer belemmer word, of teen iemand wat wettiglik van sodanige straat, pad of openbare plek gebruik maak, stamp of sodanige persoon andersins lastig val nie.

#### AANLOK OF AANSPREEK OP STRAAT.

13. Niemand mag in of naby 'n straat of op 'n ander plek in die lokasie op watter wyse ook al talm, of iemand anders aanlok of aanspreek of lastig val vir die doel van prostitusie of bedelary nie.

#### BESKADIGING VAN HEININGS.

14. Niemand mag op, onder, oor of deur 'n hek, heining, muur of tralie, wat die eiendom van die Raad is, en wat die lokasie omhein of daarbinne is, klim of deur 'n ander as 'n goedgekeurde in- of uitgang binnekomm of uitgaan nie, en niemand mag sonder die magtiging van die Raad sodanige hek, heining, muur of tralie beskadig of verwyder nie.

#### ONTLASTING OF URINERING.

15. Niemand mag hom ontlas of urineer in 'n straat, pad, deurgang, sypaadjie, voetpad, oop ruimte of openbare plek in die lokasie, op 'n ander plek as in die behoorlike plek waarvoor 'n latrine of urinoir voorsiening gemaak is nie.

#### GEBOORTES EN STERFGEVALLE MOET AANGEGEE WORD.

16. Die houer van die perseel- of woonpermit of bewoningsertifikaat ten opsigte van 'n woning waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind of, in geval van sy dood of ongeskiktheid, die oudste volwasse inwoner in sodanige woning, moet dadelik sodanige geboorte of sodanige sterfgeval, na gelang van die geval, by die superintendent aangee en aan hom al die besonderhede verstrek wat nodig is vir die behoorlike invul van die lokasieregister.

#### INLIGTING MOET VERSTREK WORD.

17. Ten einde die superintendent in staat te stel om 'n register wat ingevolge hierdie regulasies vereis word, by te hou, is dit die plig van elke inwoner van die lokasie om aan die superintendent sodanige inligting te verstrek as wat hy nodig het.

#### VERSTREKKING VAN NAME EN ADRESSE.

18. Enige persoon wat in die lokasie aangetref word, moet sy volle naam en adres en sodanige inligting as wat verlang word aan die superintendent of enige van sy gevoldmagtigde assistente op aanvraag verstrek.

#### BESKADIGING VAN BOME, ENS.

19. Niemand mag wederregtelik 'n boom, bos, struik, plant, heg, pad, gebou of struktuur of enige pyp, vullisbak of ander toebehore of toestel in die lokasie, wat die eiendom van die Raad is, beskadig of vernietig nie.

#### UITGRAWINGS.

20. Niemand mag binne die lokasie 'n uitgraving maak of 'n gat grawe sonder die skriftelike toestemming van die superintendent nie.

#### BEHEER OOR SPELE EN VERMAAKLIKHEID.

21. (1) Niemand mag enige spel, dobbelary of vermaaklikheid wat moontlik 'n stoornis kan veroorsaak of die inwoners of amptenare tot oorlas kan wees of aanstoot kan gee, of wat onbetaamlik is of wat sedelike gedrag kan ondermy, in die lokasie bestuur of daaraan deelneem nie.

public place within the location so as to obstruct traffic, or to jostle or otherwise to interfere with any person lawfully using such street, road or public place.

#### SOLICITING

13. No person shall in or near any street or in any other place in the location, in any way loiter, or solicit or importune any other person for the purpose of prostitution or mendicancy.

#### DAMAGING OF FENCES

14. No person shall climb onto, under, over or through any gate, fence, wall or railing, being the property of the Council in or around the location, or enter or leave otherwise than through some authorised means of ingress or egress and no person shall damage or remove such gate, fence, wall or railing without the authority of the Council.

#### DEFECATING OR URINATING

15. No person shall defecate or urinate in any street, road, lane, sidewalk, foot-path, open space or public place in the location, other than in the proper place provided for the purpose in a lavatory or urinal.

#### REPORTING OF BIRTHS AND DEATHS

16. The holder of a site or residential permit or residential certificate in respect of any dwelling in which a birth or death occurs or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling, shall forthwith report such birth or death as the case may be to the superintendent and furnish him with all the relative particulars required for the proper completion of the register.

#### INFORMATION TO BE SUPPLIED

17. To enable the superintendent to keep any register required by these regulations, it shall be the duty of every resident in the location to give the superintendent such information as he may require.

#### FURNISHING OF NAMES AND ADDRESSES

18. Any person found in the location shall on demand furnish the superintendent or any of his authorised assistants with his full name and address and such other information as may be required.

#### DAMAGING OF TREES, ETC.

19. No person shall unlawfully damage or destroy any tree, bush, shrub, plant, hedge, road, building or structure or any pipe, refuse receptacle or other fitting or appliance in the location which is the property of the Council.

#### EXCAVATIONS

20. No person shall make any excavation or dig any hole within the location without the written permission of the superintendent.

#### CONTROL OF GAMES AND ENTERTAINMENTS

21. (1) No person shall conduct or participate in any game, gambling or entertainment in the location which is likely to create a disturbance or be a nuisance or annoyance to the residents or officials or be indecent or subversive of good morals.

(2) Die geregistreerde bewoner van 'n perseel of woning in die lokasie, wat toelaat dat enige sodanige spel, dobbelary of vermaaklikheid op sy perseel plaasvind, asook alle persone wat daaraan deelneem, begaan 'n misdryf.

#### KNOPKIERIES OF GEVAARLIKE WAPENS.

22. (1) Geen inboorling mag in 'n openbare plek 'n knopkierie of ander gevaaarlike wapen dra of in besit daarvan wees nie. Die hof wat enige persoon skuldig bevind aan 'n oortreding van hierdie regulasie kan, benewens enige straf, die inbeslagname van sodanige knopkierie of ander wapen ten opsigte waarvan sodanige persoon skuldig bevind is, gelas.

(2) Vir doeleinde van hierdie regulasie omvat „gevaarlike wapen“ swarde of dolke; messe met 'n lem van 4 duim of meer in lengte of sakmesse waarvan die lemme vasgesit kan word as hulle oopgemaak word; spiese, assegaaie en gelaaiide stokke of stokke met spykers daarin of stokke wat nie gebruik word om mee te loop nie; vuisysters; sandsakke; slagbore, koevoete of hamers van meer as 3 lb. in gewig; byle of pikbyle; soliede rubberknuppels; kettings en gelaaiide gordels; lood- of ysterpype; plakte of sambokke of enige ander voorwerp wat klaarblyklik gevaaarlik is. 'n Ketting aan 'n stok is 'n gelaaiide stok en 'n gordel met enige metaal daaraan is 'n gelaaiide gordel.

#### AKSIE VIR HUURGELDE EN VORDERINGS.

23. Enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding dat hy versuim het om binne een maand na die datum waarop dit verskuldig en betaalbaar is, 'n bedrag te betaal waarvoor hy ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk aanspreeklik is, kan, benewens enige ander straf wat die hof ople, deur die hof gelas word om die bedrag deur hom verskuldig binne sodanige tydperk as wat in die bevel genoem word, te betaal, of by wanbetaling binne sodanige tydperk, tot gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens een maand gevonnis word: Met dien verstande dat geen gevangenisstraf wat uitgedien is die persoon van sy aanspreeklikheid vir die verskuldigde bedrag onthef, of verhoed dat 'n aksie vir die invordering daarvan ingestel kan word nie: Voorts met dien verstande dat niemand ten opsigte van versuim om dieselfde skuld te betaal 'n tweede keer gestraf mag word nie.

#### BETREDING VAN PERSELE.

24. Die superintendent of enige van sy assistente, die geneeskundige gesondheidsbeampte of ander gemagtigde gesondheidsbeampte, of enige ander gemagtigde werknemer van die Raad, kan vir enige doel in verband met die uitvoer van hierdie regulasies, op alle redelike tye, sonder om vooraf kennis te gee, enige perseel betree en sodanige ondersoek en navraag doen as wat hy nodig ag.

#### AANSTEEKLIKE OF BESMETLIKE SIEKTES MOET AANGESEE WORD.

25. Indien 'n persoon in die lokasie aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, moet die houer van 'n perseel- of woonpermit of bewoningsertifikaat ten opsigte van die woning waarin sodanige persoon woon of aangetref word, of in geval van sy dood of ongeskiktheid, die oudste volwasse inwoner in sodanige woning, dadelik die naam van sodanige persoon en alle ander feite waarvan hy kennis dra, by die superintendent aangee.

#### GENEESKUNDIGE GESONDHEIDSBEAMPTE OF ASSISTENTE KAN PERSELE BETREE.

26. Die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy gemagtigde assistente kan te eniger tyd enige hut of woning

(2) The registered occupier of any site or dwelling in the location who permits any such game, gambling or entertainment to take place on his premises, as well as all persons participating therein, shall be guilty of an offence.

#### KNOBKERRIES OR DANGEROUS WEAPONS

22. (1) No Native shall carry or be in possession in a public place of a knobkerrie or other dangerous weapon. The court convicting any person of a contravention of this regulation may, in addition to any penalty, order the confiscation of such knobkerrie or other weapon in respect of which such person is convicted.

(2) For the purpose of this regulation "dangerous weapon" shall include:

swords or daggers; knives with a cutting edge of 4 inches or more in length, or pocket knives the blades of which can be fixed when opened; spears, assegais and loaded sticks or sticks with nails or sticks which are not used for the locomotion of persons; knuckledusters, sandbags; jumpers, crowbars or hammers which exceed 3 lb. in weight; axes or pickaxes; solid rubber batons; chains and loaded belts; lead or iron pipes; straps or sjamboks or any other object which is obviously dangerous. A chain on a stick shall be a loaded stick and a belt with any metal attached to it shall be a loaded belt.

#### ACTION FOR RENTS AND CHARGES

23. Any person convicted of an offence for failing to pay any amount for which he is liable in terms of the provisions of this Chapter within one month of the date on which it is due and payable, may, in addition to any other penalty which the court may impose, be ordered by the court to pay, within such period as is mentioned in the court order, the amount due by such person or, in default of payment within such period, to be sentenced to imprisonment, with or without compulsory labour, for a period not exceeding one month: Provided that no terms of imprisonment served shall be deemed to exempt the person from his liability for the amount due or shall prevent action for the recovery thereof: Provided further that no person shall be punished a second time in respect of failure to pay the same debt.

#### ENTERING OF PREMISES

24. The superintendent or any of his assistants, the medical officer of health or any other authorised officer of health, or any other authorised employee of the Council, may, for any purpose connected with the carrying out of these regulations, at all reasonable times enter without previous notice upon any premises whatsoever and make such inspection and enquiry as he may deem necessary.

#### REPORTING INFECTIOUS OR CONTAGIOUS DISEASES

25. If any person in the location suffers from any infectious or contagious disease, the holder of a site or residential permit or residential certificate in respect of the dwelling in which such person resides or is found, or in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling shall immediately report to the superintendent the name of such person and all other facts known to him.

#### ENTERING OF PREMISES BY MEDICAL OFFICER OF HEALTH OR ASSISTANTS

26. The medical officer of health or his authorised assistants may at any time enter any hut or dwelling or

of gebou in die lokasie binnegaan en alle persone daarbinne wat vermoedelik aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan sodanige aansteek of besmetting blootgestel was, ondersoek, en enige persoon wat by die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy gemagtigde assistente die indruk wek dat hy aan enige aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan die besmetting daarvan blootgestel was, kan op las van die geneeskundige gesondheidsbeampte verwyder word na sodanige plek binne of buite sodanige lokasie as wat die Raad aanwys vir die opneming van sodanige persone, en kan deur 'n soortgelyke bevel daar aangehou word totdat hulle, volgens die mening van die geneeskundige gesondheidsbeampte, vry van besmetting is.

#### KLEREWASGERIEWE.

